

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 163

Soos 'n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.

U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,

U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Woorddiens

Tema: "Bring jou kant..."

Skriflesing: Matteus 25:14-30

"The decisive question for man is: Is he related to something infinite or not? That is the telling question of his life. Only if we know that the thing which truly matters is the infinite can we avoid fixing our interests upon futilities, and upon all kinds of goals which are not of real importance. Thus we demand that the world grant us recognition for qualities which we regard as personal possessions: our talent or our beauty. The more a man lays stress on false possessions, and the less sensitivity he has for what is essential, the less satisfying is his life. He feels limited because he has limited aims, and the result is envy and jealousy. If we understand and feel that here in this life we already have a link with the infinite, desires and attitudes change."

— C.G. Jung, Memories, Dreams, Reflections

Broodjies vir die pad

"I have no special talents. I am only passionately curious."

— Albert Einstein

"To each there comes in their lifetime a special moment when they are figuratively tapped on the shoulder and offered the chance to do a very special thing, unique to them and fitted to their talents. What a tragedy if that moment finds them unprepared or unqualified for that which could have been their finest hour."

— Winston S. Churchill

"The person born with a talent they are meant to use will find their greatest happiness in using it."

— Johann Wolfgang von Goethe

"My imperfections and failures are as much a blessing from God as my successes and my talents and I lay them both at his feet."

— Mahatma Gandhi



"Beyond work and love, I would add two other ingredients that give meaning to life. First, to fulfill whatever talents we are born with. However blessed we are by fate with different abilities and strengths, we should try to develop them to the fullest, rather than allow them to atrophy and decay. We all know individuals who did not fulfill the promise they showed in childhood. Many of them became haunted by the image of what they might have become. Instead of blaming fate, I think we should accept ourselves as we are and try to fulfill whatever dreams are within our capability.

Second, we should try to leave the world a better place than when we entered it. As individuals, we can make a difference, whether it is to probe the secrets of Nature, to clean up the environment and work for peace and social justice, or to nurture the inquisitive, vibrant spirit of the young by being a mentor and a guide."

— Michio Kaku

Dr. Michio Kaku is an American theoretical physicist at the City College of New York, best-selling author, a futurist, and a communicator and popularizer of science. He has written several books about physics and related topics of science.

He has written two New York Times Best Sellers, *Physics of the Impossible* (2008) and *Physics of the Future* (2011).

Dr. Michio is the co-founder of string field theory (a branch of string theory), and continues Einstein's search to unite the four fundamental forces of nature into one unified theory.

Kaku was a Visitor and Member (1973 and 1990) at the Institute for Advanced Study in Princeton, and New York University. He currently holds the Henry Semat Chair and Professorship in theoretical physics at the City College of New York.

https://www.goodreads.com/author/show/18800.Michio_Kaku



"Talent is a gift, but character is a choice."

— John C. Maxwell



"Life isn't about having, it's about being. You could surround yourself with all that money can buy, and you'd still be as miserable as a human can be. I know people with perfect bodies who don't have half the happiness I've found. On my journeys I've seen more joy in the slums of Mumbai and the orphanages of Africa than in wealthy gated communities and on sprawling estates worth millions. Why is that? You'll find contentment when your talents and passion are completely engaged, in full force. Recognise instant self-gratification for what it is. Resist the temptation to grab for material objects like the perfect house, the coolest clothes or the hottest car. The if I just had X, I would be happy syndrome is a mass delusion. When you look for happiness in mere objects, they are never enough. Look around. Look within."

— Nick Vujicic

Nicholas James Vujicic (Serbian: Николас Џејмс Вујичић, *Nikolas Džejms Vujičić*) is a Serbian Australian evangelist and motivational speaker born with tetra-amelia syndrome, a rare disorder characterised by the absence of all four limbs. As a child, he struggled mentally and emotionally as well as physically, but eventually came to terms with his disability and, at the age of seventeen, started his own non-profit organisation, *Life Without Limbs*. Vujicic presents motivational speeches

worldwide, on life with a disability, hope and finding meaning in life. He also speaks about his belief that God can use any willing heart to do his work and that God is big enough to overcome any and all disabilities.

https://www.goodreads.com/author/show/3395320.Nick_Vujicic



'n Keuse teen geweld, wraak

Hermie van Zyl

Die moord op Pieter Verster van Stellenbosch het ons almal tot stilstand geruk. Nie net omdat sy wortels in Bloemfontein is waar hy as lid van die bekende Verster-familie grootgeword het nie – 'n familie wat diep spore in die stad se sosiale en sportlewe en onderwyskringe getrap het – maar veral vanweë die sinlose aard van die gebeure.

'n Man in die fleur van sy lewe word in die intieme kring van sy gesin, ten aanskoue van sy vrou en jong seun, op 'n wreedaardige manier om die lewe gebring. En dit in dieselfde week toe duisende mense die strate gevat het in protes teen die verwoestende geweld in ons land, waaraan ook boere op plase blootgestel word.

Hoe reageer 'n mens op sulke weersinwekkende gebeure? Die normale reaksie is dié van woede wat roep om wraak: 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand, geweld moet met geweld beantwoord word.

Laat die ander vóél wat hulle aan jou gedoen het. Daarom is dit so merk-waardig dat Pieter Verster se familie almal oproep om nie met haat te antwoord nie, om nie van hierdie moord 'n rasding te maak nie, maar om Pieter se nalatenskap voort te sit.

Volgens berigte was hy iemand wat in sy private lewe en werksomgewing vrede met almal – ongeag ras of godsdiens – nagejaag het. So ingestel op vreedsame naasbestaan was hy dat hy sy bedenkinge oor die protesoptogte van Swart Maandag gehad het, omdat dit moontlik verdere verdeeldheid en rasspanning in die hand kon werk.

Om haat en geweld met selfdisipline en liefde te beantwoord is 'n bewustelike keuse op grond van die Christelike evangelie. Dis nooit 'n maklike of vanselfsprekende keuse nie.

Want ons word almal die een of ander tyd, en deesdae eintlik voort-durend, uitgelok tot blindelinge vergelding. As jy dag na dag aan geweld blootgestel word, is dit bitter moeilik om nie in daardie geweld-spiraal ingesuij te word nie.

Vra maar die mense wat vasgevang is in die bendegegeweld van die Kaapse Vlakte; vra diegene wie se lewens verwoes word deur verkragting, roof, moord en verbale mishandeling.

Ag, gewoon net om elke dag in die media hiermee gekonfronteer te word, is al klaar genoeg om jou aan wrewel oor te gee. Jy moet jou behoorlik aan jou eie skoenrieme optrek om nie in 'n slykpoel van aggressie weg te sink nie.

Waarom maak 'n mens hierdie keuse van 'n alternatiewe uitkyk op die lewe? Omdat, as jy toelaat dat wraak jou denke infiltreer en oorheers, jy uiteindelik daardeur vergiftig en vernietig word. Die spreekwoord lui nie verniet nie: “Wie 'n ander jaag, staan self nie stil nie.” 'n Lewe van aggressie en wraak maak dat jy gaandeweg al minder mens word. Jy vergal jou eie lewe en dié van ander rondom jou. Jy word ingesuij in 'n leefwyse waar jy iets anders word as wat God vir jou in gedagte het; jy word soos hulle teen wie jy baklei en dan kan jy nie meer beantwoord aan die doel waarvoor God jou in hierdie lewe geplaas het nie.

Jy is dan deel van die probleem en nie van die oplossing nie.

Maar daar is 'n dieper rede waarom ons hierdie keuse maak: Omdat ons rus vind in God en ons regsak aan Hom oorhandig het. Dis waarvan Mat. 5:5 praat: “Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die aarde erf.” Hiermee aanvaar gelowiges 'n langtermynvisie op die probleme van die lewe.

Ons weet: Nie die grypsugtiges en geweldenaars sal die aarde beërwe nie, maar juis hulle wat op God wag en binne sy wil probeer lewe.

Presies hulle sal uiteindelik die nuwe aarde waarop geregtigheid woon uit God se hand ontvang. En daarom kan ons nou reeds met oortuiging en vreugde werk aan hierdie toekoms, selfs al word ons geruk deur dade wat geen sin maak nie.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/n-keuse-teen-geweld-wraak-20171113>

Brood vir die pad

Stel jousef oop om spoke van verlede te verdryf

RRV

“The past is not dead, it is not even past.” Hierdie woorde uit William Faulkner se 1950-teaterstuk Requiem for a Nun verwoord iets van die gedagte dat die verlede in die hede meespeel.

Ervarings uit die verlede – ook pynlike en traumatiese belewenisse – leef voort in ons gedagtewêreld en onderbewussyn, in ons liggame en drome.

Die spoke uit die verlede word nie so maklik verjaag nie. Hiervan kan baie mense getuig. Dit is nie net waar op persoonlike vlak nie. Ook op -sosiale en politieke gebied spook die verlede by ons. In Suid-Afrika met sy koloniale en apartheidsverlede is ons maar alte goed hiervan bewus.

Hoe hanteer 'n mens hierdie hardnekkige spoke uit die verlede? Hoe onthou jy 'n komplekse persoonlike verlede op 'n manier dat dit jou nie verlam of vernietig nie? Hoe keer ons dat ons herinneringe (ook as deel van ons kollektiewe en kulturele geheue) nie tot groter disoriëntasie, verdeeldheid of geweld aanleiding gee nie?

In sy boek *The End of Memory: Remembering Rightly in a Violent World* worstel die Kroatiese teoloog- Miroslav Volf juis met hierdie soort vrae.

Hy verwys met instemming na die Joodse Nobel-pryswenner en volksmoordoorlewende Elie Wiesel se stelling dat die doelbewuste onthou van die verlede se boosheid as 'n skild teen verdere boosheid kan dien. Ons moet die verskrikings en onreg uit die verlede deurentyd in herinnering roep sodat ons nie toelaat dat dit weer gebeur nie.

Volf wys verder daarop dat herinnering nie altyd net 'n beskermende funksie het nie: “Slagoffers word dikwels onderdrukkers juis as gevolg van hul herinneringe. Dit is omdat hulle die viktimisering uit die verlede onthou dat hulle geregverdig voel om in die hede gewelddadig te wees . . .

“Die skild van herinnering verander baie maklik in die swaard van geweld.”

Daarom lê ons heil vir Volf nie bloot daarin dát ons die pyn en verskrikking van die verlede in herinnering roep nie. Nee, alles draai om die vraag hóé ons die verlede onthou. Daarom is die heling van ons geheue nodig. Ook ons geheue moet deur vergifnis en genade aangeraak word.

Dit beteken nie dat ons die verlede gewoon vergeet nie, maar dat ons onself oopstel om van die las van die verlede bevry te word.

Of in die woorde van Desmond Tutu: “Having look the beast of the past in the eye, having asked and received forgiveness and made amends, let us shut the door of the past, not in order to forget it, but in order not to allow it to imprison us.”

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/stel-jousef-oop-om-spoke-van-verlede-te-verdryf-20171111>